




2008

Universiteit Stellenbosch
BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENS



Photo: Isadon Duncan

JAARVERSLAG



Inhoud

Boodskap van die Senior Direkteur	3
Bestuursopsomming	3
Personeel en personeelontwikkeling	5
1 Personeel	5
2 Personeelopleiding en –ontwikkeling	5
3 Professionele byraes: Aanbiedings/Referate/Toesprake/ Artikels	6
Finansies	7
Inligtingsbronne en versamelings	8
Proaktiewe Kliëntgesentreerde dienslewering	9
1 Bronverskaffing	9
2 Inligtingsdienste	10
3 Dienste aan nie-universiteitskliënte	10
4 Inligtingsgeletterdheid	10
5 Takbiblioteke	11
5.1 Ingenieurs- en Bosboubiblioteek	11
5.2 Musiek- en Teologie Biblioteke	11
5.3 Gesondheidswetenskappe Biblioteek	12
5.4 USBI	12
6. Spesiale Versamelings	13
Verbeterde toepassing van inligtingstegnologie	14
Gehalteversekering	14
Kommunikasie / Bemaking	14
Tiende Jaarlikse Biblioteek simposium	15
Streek-, nasionale en internasionale samewerking	15

Foto's: Isadon Duncan, Christiene Laatz en Cameron Cupido

Boodskap van die Senior Direkteur

Is biblioteke steeds biblioteke? Hierdie is een van die vrae in 'n verslag oor akademiese biblioteke van Statebondsuniversiteite wat onlangs opgestel is deur die Association of Commonwealth Universities. Die slotsom waartoe gekom word in die verslag is dat kwaliteit in hoër onderwys en navorsing alleenlik bereik kan word deur sterk vennootskappe tussen biblioteke, akademië en universiteitsbestuurders. Die verslag dui verder aan dat die uitdagings vir instellings, akademië en universiteitsleiers is om erkenning te gee aan die kritieke en noodsaaklike rol wat biblioteke speel, om hulle te ondersteun om hulle doelwitte te bereik, en om saam te werk om toekomstige strategieë te definieer wat onderrig- en navorsingsbehoefte sal ondersteun.

Op globale vlak is die tendens nog steeds dat die ontwikkeling van informasietegnologie, wetenskaplike kommunikasie, nuwe navorsingspraktyke, virtuele leer-omgewings, ensameer, 'n groot rol speel in die ontwikkeling en funksionering van biblioteke. Verder ook, dat biblioteke hul dienste al hoe meer sal moet aanpas en verander om sterker vennootskappe te kan smee en, dat integrasie met die breër institusionele strukture meer en meer belangrik word.

Soos die Universiteit Stellenbosch (US) haar herposisioneer en herdefinieer, moet die Biblioteek- en Inligtingsdiens van die Universiteit op hoogte bly van nasionale en internasionale ontwikkelinge om optimale akademiese ondersteuning te kan voorsien en om te verseker dat die personeelkorps oor die nodige vaardighede beskik - spesifiek met betrekking tot ontwikkelinge in die digitale wêreld - om toegang tot inligting deurlopend te verbeter, tot voordeel van die akademiese gemeenskap en ter voltooiing aan die strategiese prioriteite van die Universiteit.

Die bevindinge van die eksterne paneel wat die selfevaluering van die Biblioteek- en Inligtingsdiens in Augustus 2008 geverifieer het, wys op die volgende: "LIS delivers a high quality library and information service to the University and beyond, within resources constraints, and provides crucial support to the core academic enterprise activities of research, teaching and learning. LIS is well positioned to extend the contribution it makes to the stated goals of the University as well as to the overall quality of the teaching, learning and research programmes."

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens sien dit as 'n geleentheid om 'n groter strategiese rol te kan vervul en in dié opsig is die biblioteek nog steeds 'n biblioteek, maar ook meer as 'n biblioteek. Ons wil graag verseker dat die biblioteek gekenmerk word as 'n "creative, social and learning community knowledge space – a physical environment that meets the requirements and provides 21st century fit for purpose study and research facilities for students and researchers at Stellenbosch University".

Die US Biblioteek- en Inligtingsdiens is gereed om haar te posisioneer as 'n 21ste-eeuse akademiese biblioteek wat 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die bereiking van die Universiteit se doelwitte.

Laastens, baie dankie vir die besondere ondersteuning en samewerking van die Biblioteekkomitee van die Senaat, prof

Leopoldt van Huyssteen (Waarnemende Vise-rector: Navorsing tot einde Maart 2008), prof Arnold van Zyl (Vise-rector: Navorsing vanaf April 2008), die dekan, biblioteekbestuur en -personeel gedurende 2008. Dit het dit vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens moontlik gemaak om, ondanks die uitdagings en beperkte bronne, steeds 'n uitstekende diens te kon lewer en 'n groot bydrae te kon lewer tot die Universiteit se akademiese en navorsingsprogramme, asook tot die breër ontwikkeling van biblioteek- en inligtingsdienste, sowel nasionaal as internasionaal.

Ellen R. Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste

Bestuursopsomming

2008 was weer eens 'n bedrywige en betekenisvolle jaar vir die US Biblioteek- en Inligtingsdiens.

Die permanente personeelkomponent van die Biblioteek- en Inligtingsdiens het teen die einde van 2008 uit 101 poste bestaan, met 4 vakatures. Personeelopleiding en -ontwikkeling het weer eens baie aandag geniet. Suksesvolle interne personeelopleiding- en -ontwikkelingsessies ter opskerpings- en voorbereiding vir die strategiese eise van die werksomgewing, is in 2008 voortgesit. Personeel het ook verskeie konferensies, werksinkels en ander ontwikkelingsgeleenthede wat plaaslik, nasionaal en internasionaal plaasgevind het, bygewoon ten einde op die voorpunt van biblioteek- en inligtingsontwikkelinge wêreldwyd te kan bly.

Die kommerwekkende stand van sake dat die Biblioteek- en Inligtingsdiens ten opsigte van materiaalvoorsiening nie optimaal aan die inligtingsbehoefte van die Universiteitsgemeenskap kan voorsien nie het weer in 2008 voortgeduur en 'n taakspan, onder voorsitterskap van prof JU de Villiers (Dekaan: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), is deur die Biblioteekkomitee van die Senaat aangewys om 'n ondersoek te loods na die biblioteekbegrotingsmodel. Die bevindinge, gebaseer op faktore soos die reële afname in die kapitaalbegroting die afgelope aantal jare, die toename in studentegetalle en vergelykende syfers met ander vergelykbare instellings in die land, het bevestig dat die materiaalbegroting onvoldoende is. Die aanbevelings van die taakspan ten opsigte van die toedeling van biblioteekfondse is in Oktober 2008 deur die Senaat aanvaar en die implementering daarvan sal in 2009 geskied.

Wat die versamelings betref, het die monografiese materiaal (boeke en oudiovisuele materiaal) in 2008 met 11 852 items gegroei. Toegang tot 744 individuele elektroniese boeke is in 2008 aangekoop. 99% van die begroting wat vir boek- en ander monografiese materiaal geallokeer is, is in 2008 gebruik vir nuwe aankope. Inflasie en die verswakking van die waarde van die Rand teenoor buitelandse geldeenheede het beteken dat daar in 2008 8% minder individuele boektitels aangekoop kon word.

Tydskrifttitels in papierformaat het met 20 titels verminder, terwyl elektroniese titels met 210 titels toegeneem het. Met finansiële ondersteuning verleen deur die Vise-Rectoor: Navorsing en die dekan van die Fakulteite Natuurwetenskappe en Agri-

Wetenskappe was dit vir die biblioteek moontlik om die volgende terugwerkende lyste ("backfiles") van ScienceDirect aan te koop: Agricultural and Biological Sciences (99 titels); Immunology and Microbiology (53 titels); Inorganic Chemistry (9 titels) en Physical and Analytical Chemistry (39 titels).

Diens aan kliënte is weer eens tydens 2008 vooropgestel en verskeie nuwe dienste is geïmplementeer en ondersoek geleeds om dienste aan kliënte te verbeter. Die ingebruikneming van 'n elektroniese interleningsaanvraagvorm in April 2008, waarmee omslagtige prosedures wat voorheen deur kliënte gevolg moes word, uitgeskakel is, het groot byval gevind by kliënte en tussen April en Desember 2008 is ongeveer 40% van alle interleningsaanvrae op hierdie wyse deur kliënte gerig. Die gebruikersvriendelike stelsel beteken dat kliënte voortaan nie meer fisies na die Interleningsafdeling hoef te kom om vorms te voltooi nie, maar hul aanvrae vanaf hul kantoor of huis aan die afdeling kan rig.

Volgens die interleningslys van Sabinet Online aangaande die vyf hoofaanvraers en –verskaffers in Suid-Afrika, was die US Biblioteek- en Inligtingsdiens in 2008 die grootste aanvrager uit 259 biblioteke en die derde grootste verskaffer uit 314 biblioteke.

Inligtingsgeletterdheid, en daarmee saam die opleiding van kliënte, bly steeds 'n strategiese prioriteit vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens en gevolglik het opleiding weer eens 'n groot deel van die fakulteitsbibliotekaris se taak van dienslewering aan kliënte in 2008 uitgemaak. Die geïntegreerde elektroniese biblioteekopleidingsmodule wat sowat drie jaar gelede met behulp van WebStudies ontwikkel is om meer primêre kliënte te bereik vir wie dit byvoorbeeld nie prakties moontlik is om 'n geskeduleerde kontak sessie by te woon nie, het meegebring dat 'n verdere 3 059 primêre kliënte kurrikulumverwante opleiding in 2008 ontvang het. In die meeste fakulteite het die getalle kliënte wat in 2008 opgelei is steeds gegroei vanaf 2007 tot 2008 en die totale aantal primêre kliënte wat in 2008 opgelei is, is nieteenstaande 'n effense afname in 2007, steeds 12.18% meer as in 2006.

Bronne wat gehuisves word in die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) en die Dokumentesentrum in die JS Gericke Biblioteek het, soos in voorafgaande jare, gelei tot verskeie publikasies, referate en ook nagraadse studies. DOMUS se versamelings het vyf akademiese artikels deur dr Stephanus Muller (in: *The Musical Times*, Winter 2008; *LitNet Akademies* 5(1), Augustus 2008; *Composing Apartheid*, ed. Grant Olwage, Wits University Press, 2008); prof Izak Grové (in: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 48(1), Maart 2008); en me Matildie Thomwium (in: *LitNet Akademies* 5(2), Oktober 2008), wat uitvoerig gesteun het op die Arnold van Wyk-versameling, in 2008 tot gevolg gehad.

Vanuit die Dokumentesentrum het onder andere verskyn; *Songs of the veld and other poems: Engelse gedigte oor die Anglo-Boereoorlog* / ingelei deur Marthinus van Bart. Kenilworth: Cederberg, 2008; *An eloquent picture gallery: the South African portrait photographs of Gustav Theodor Fritsch* / edited by Keith Dietrich and Andrew Bank. Auckland Park: Jacana, 2008; *State of the nation: as viewed from a front bench in parliament 1969-1981* / Japie Basson. Camps Bay: Politika, 2008; *Wenus Hoten-*

tocka / Jerzy Koch. Warszawa: Wydawnictwo Akademickie Dialog, 2008 (hierdie is 'n Poolse publikasie oor Afrikaanse literêre geskiedenis); en *Vere Bosman di Ravelli: loopbaan, kwartierstaat en musikale genealogie* / Gerhard Geldenhuys. 2008.

Terugvoering van kliënte, wat 'n belangrike deel vorm van die gehaltebestuursraamwerk van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, is ontvang deur middel van die bekende internasionale biblioteekmeningsopname, LibQUAL+™, wat wêreldwyd gebruik word en weer in April 2008 uitgevoer is. In vergelyking met die opname van 2005, het die biblioteek in die opname van 2008 in alle opsigte beter gevaar. Die minimum asook verwagte punte van respondente was egter ook hoër as vantevore, wat mag beteken dat kliënte se verwagtinge van die diens intussen ook gestyg het.

'n Intensiewe selfevalueringsproses is in 2008 onderneem ten einde te voldoen aan die Universiteit se beleid en prosedure ten opsigte van departementele evaluering. Daar was 'n sinergie tussen die aanbevelings van die paneellede verantwoordelik vir die eksterne evaluering en die probleemareas wat deur die biblioteek deur middel van die selfevalueringsproses geïdentifiseer is. Die eksterne paneellede was beïndruk met die klem wat die biblioteek lê op kliëntefokus, asook met sy IT-strategie. In die huidige nasionale en internasionale biblioteek- en inligtingsomgewing (maar in verskillende grade) word die kombinasie van 'n sterk kliëntefokus en 'n IT-strategie as die hoeksteen van toepaslike en doeltreffende biblioteek- en inligtingsverskaffing in die 21ste eeu beskou.

Die aanbevelings van die eksterne paneel verwys, in hooftrekke, na 'n biblioteek- en inligtingsdiens van die toekoms. Hierdie aanbevelings voorsien geleenthede aan die US Biblioteek- en Inligtingsdiens om die weg te baan vir die 21ste eeu en om 'n beduidende rol te speel in die bereiking van die Universiteit se pedagogiese doelwitte, deur middel van verbeterde inligtingsdienste, vennootskappe en gepaste integrasie met naverwante omgewings op kampus.

Die Universiteit het intussen aansienlik belê in die Biblioteek- en Inligtingsdiens deur middel van die goedkeuring van die Oorhoofse Stragiese Plan-projek as die eerste stap na biblioteek- en inligtingvoorsiening in die 21ste eeu. Die res van die aanbevelings van die eksterne paneel sal gedurende 2009 aandag geniet.

Hoogtepunte van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se oorhoofse bemarkingstrategie het 'n nuwelingoriënteringsprogram aan die begin van die jaar ingesluit, wat met besondere groot sukses by die JS Gericke Biblioteek aangebied is en 'n aansienlike styging getoon het in die aantal studente wat die program bygewoon het. Die biblioteeknuusbrieff, *Bibnuus*, wat 'n nuwe baadjie en formaat gekry het, het drie keer verskyn en dit is, buiten aan die gewone biblioteekkliënte, ook aan 'n wyer publiek, insluitend internasionale biblioteke, gestuur.

Die jaar is op 'n besondere wyse afgesluit met die viering van die biblioteek se tiende herdenking van die aanbieding van sy jaarlikse simposium. Die tema vir die simposium, "Shall the twain ever meet?: supplying the demand in an academic library and information service environment", het 'n besigheidsektor paradigma ingespan om die dinamika van die biblioteek- en inlig-

tingsektor te interpreteer. Die geleentheid was baie suksesvol en dit is weer eens as 'n belangrike datum op die nasionale biblioteekkalender bevestig.

Personeel en personeel-ontwikkeling

1. Personeel

Daar is tydens die verslagjaar weer goed gevorder met die algemene personeelbeplanning van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Met die oog op proaktiewe personeelbeplanning vir die toekoms, is 'n personeelplan vir 2009-2011 in plek geplaas waaraan deurlopend oor die volgende drie jaar gewerk sal word.

Nege persone het gedurende die loop van die verslagjaar uit diens getree en twaalf persone is in permanente poste by die Biblioteek- en Inligtingsdiens aangestel.

Daar is ook weer eens goeie vordering ten opsigte van die bereiking van diversiteitsteikens tydens 2008 gemaak en nege van die twaalf permanente aanstellings wat gemaak is, was persone uit die aangewese groepe. Vier persone uit die aangewese groepe het die diens van die Biblioteek- en Inligtingsdiens gedurende die verslagjaar verlaat.

Teen die einde van 2008 het die permanente personeelkomponent van die Biblioteek- en Inligtingsdiens uit 101 poste bestaan, met 4 vakatures.

Mnr DG Mostert en P du Plessis ontvang in 2008 die Rektor se toekenning vir voortreflike diens en mev M Heese en me T Basson ontvang elk 'n langdienstoekenning vir 25 jaar diens aan die Universiteit.

Mnr Y Ras het die B Inf Honneurs-graad (UNISA) suksesvol in 2008 voltooi en sal die graad vroeg in 2009 tydens die UNISA-gradeplegtigheid ontvang. Vyf personeellede van die Biblioteek- en Inligtingsdiens was in 2008 besig met formele studies, waarvan twee nagraadse studies en die res voorgraadse studies was.

2. Personeelopleiding en -ontwikkeling

Ter vervulling van die Strategiese Rigtings 2007-2009 van die Biblioteek- en Inligtingsdiens en die aksieplanne wat vir 2008 ten opsigte van personeelontwikkeling, as een van hierdie strategiese rigtings, in plek geplaas is, het die volgende sake aandag geniet:

'n Personeelontwikkelingskomitee van die Biblioteek- en Inligtingsdiens is in die lewe geroep met die doel om toe te sien: dat personeel die nodige opleiding sal ontvang om hulle deurlopend voor te berei vir die strategiese eise van die werksomgewing; dat opleidingsprogramme jaarliks vir personeel opgestel word (en die nodige opleiers gevind word) waarmee aan al die opleidingsbehoefte van die individu aandag geskenk kan word; dat wyses gevind word waarmee die prestasies van personeel erkenning kan ontvang en gevier kan word; en dat 'n generiese oriënterings- en inhuisse opleidingsplan vir nuutaangestelde personeellede opgestel en die implementering daarvan gemonitor word.

2008 Statistiek... in kort

VERSAMELINGS

1 100 901 Boeke, ander monografiese items en tydskrifvolumes

701 863 Boeke (volumes)

39 706 Mikrovorme, kaarte, oudiovisuele materiaal, ens.

359 332 Ingebinde tydskrifvolumes

41 684 Elektroniese bronne (toegang tot)

1 481 Elektroniese boeke

38 420 Elektroniese tydskrifte

106 Databasisse

1677 E-tesisse en -proefskrifte

17 391 Volumes bygevoeg

R 31 367 490 Bedrag spandeer op versameling

PERSONEEL

101 Permanente personeellede

DIENSTE AAN KLIENTE

PERSOONLIK

8 284 Besoekers by JS Gericke Biblioteek

282 181 Items uitgeleen (hernuwings ingesluit)

VIRTUEEL

2 039 526 Soektogte in Top 20-databasisse

OPLEIDING

11 025 Aantal kliënte wat groepsopleiding ontvang het

6 696 Aantal kliënte wat individuele opleiding ontvang het

'n Volledige opleidings- en ontwikkelingsplan vir 2008, gebaseer op die vereiste bevoegdhede vir die onderskeie posbeskrywings, is vir personeel in alle afdelings van die Biblioteek- en Inligtingsdiens opgestel. Daarvolgens is diensverskaffers vir die aanbieding van die programme bepaal, kosteberekenings gedoen en die bywoning van die beplande programme deur die betrokke personeellede gemonitor.

Heelwat tyd en aandag is deur die Personeelontwikkelingskomitee geskenk aan die ontwikkeling van 'n omvattende generiese oriënteringsprogram wat deur lynbestuurders aangewend sal kan word om, met enkele aanpassings, pasklaar oriënteringsprogramme vir nuutaangestelde personeel in hul eiesoortige omgewings te kan ontwikkel. Teen die einde van die verslagjaar was die ontwikkeling van die generiese program bykans afgehandel en dit sal gevolglik vroeg in 2009 geïmplementeer kan word.

Die interne personeelopleiding- en -ontwikkelingsessies ter opskerpings- en voorbereiding vir die strategiese eise van die werksomgewing, wat in 2007 met groot sukses sowat twee keer per maand vir personeel van die Biblioteek- en Inligtingsdiens aangebied is, is in 2008 voortgesit. Sowat 12 geleenthede met aanbiedings wat gewissel het van informele opleidingsessies en formele aanbiedings deur genooide sprekers, tot aanbiedings deur lede van die biblioteekpersoneel, is gereël. Inaggenome dat bywoning van geeneen van hierdie geleenthede verpligtend vir personeel was nie, is die gemiddelde bywoningsyfer van meer as 40 personeellede per sessie weer eens as baie geslaagd beskou.

Binne die bovermelde personeelopleidingsplan vir 2008 het ongeveer 65 personeellede gedurende die verslagjaar deelgeneem aan 'n wye verskeidenheid verdere opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede (in die meeste gevalle het hierdie personeellede aan meer as een geleentheid deelgeneem), wat in hoofsaak gebaseer was op die ontwikkeling van die bevoegdhede wat van personeellede vereis word om hul onderskeie dagtake optimaal te kan verrig. Met hierdie opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede, waarvoor befondsing uit die biblioteek se begroting voorsien is, is egter ook die breër ontwikkeling van personeellede in ag geneem, naamlik dit wat van hulle afgeronde en produktiewe individue en werknemers van die Universiteit sal maak en hul welwees sal bevorder.

Die CHEC-programme is goed bygewoon en kursusse in leierskap, spanbou, projekbestuur, effektiewe kommunikasie en internetsoektogte is veral goed ondersteun.

Rekenaarkursusse aangebied deur die Afdeling Informatietegnologie bly steeds gewild en verskeie personeellede het opleiding ontvang in MS Excel, MS Word, MS Powerpoint en MS Publisher. Personeel van USBI het 'n reeks opleidingsprogramme binne die Microsoft-pakket deurloop wat deur APSOL aangebied is en deur die Bestuurskool van die Universiteit befonds is. Dit het ingesluit MS Word en MS Excel (beginners en intermediêr), MS Powerpoint, MS Outlook en MS Navigasie. Me L Schoombee het opleiding in Photoshop ontvang en 'n aantal personeellede opleiding in Adobe Captivate. Met laasgenoemde kundigheid word beoog om 'n nuwe virtuele opleidingsprogram omtrent biblioteekgebruik vir kliënte op die Biblioteek- en Inligtingsdiens se webtuiste te skep.

Sowat 16 personeellede betrokke by inligtingverskaffing aan en opleiding van kliënte het tydens 'n WebStudies Assesseringswerkswinkel wat deur die Sentrum vir Onderrig en Leer aangebied is, opleiding ontvang.

Verskeie personeellede het ook gevorderde opleiding in, onder meer, komponente van die ORACLE-databasis, Peromnes, bevoegdheidsgebaseerde onderhoudsvoering, Dublin Core-metadata, en opleiding vir opleiers ("training the trainer") ontvang.

Verskeie personeellede se vaardighede ten opsigte van kliëntediens en streshantering is met die bywoning van opleidingsessies opgeskerp. 'n Opleidingsprogram in kliëntediensvaardighede wat met behulp van die Afdeling Menslike Hulpbronne deur die maatskappy VETTA Communications aangebied is, is

verpligtend gemaak vir alle personeel van die Bronverskaffings- en Toegangsbeheerafdelings.

Kursusse aangebied deur die Taalsentrum van die US is ook deur 'n aantal personeellede bygewoon. Dit sluit, onder meer, in: Afrikaans vir beginners; Effektiewe notules vir geslaagde vergaderings; en Harvard verwysingsmetodes.

'n Aantal personeellede het vir die eerste keer, of vir opknapping, noodhulpopleiding ontvang en me C Hendrickse is deur die Welwees-afdeling van die Afdeling Menslike Hulpbronne benoem om opleiding in MIV Eweknie-opleiding te ontvang, om voortaan as 'n eweknie-opleier ("peer educator") op kampus te kan optree.

'n Groot verskeidenheid demonstrasie- en opleidingsessies is gedurende die verslagjaar deur verskaffers van biblioteekprodukte aangebied en is in groot getalle bygewoon deur biblioteekpersoneel. Die bywoning van hierdie sessies speel 'n baie belangrike rol in die opskerpings- en kundigheid ten opsigte van die produkte, wat hulle op hulle beurt aanwend in hul deurlopende opleiding aan en ondersteuning van kliënte van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, wat hierdie produkte gebruik vir studie en navorsing.

'n Verdere omvattende aantal konferensies, werksinkels en ander ontwikkelingsgeleenthede wat plaaslik, nasionaal en internasionaal plaasgevind het, is ook in 2008 deur personeel van die Biblioteek- en Inligtingsdiens bygewoon ten einde op die voorpunt van biblioteek- en inligtingsontwikkelings wêreldwyd te kan bly.

3. Professionele bydraes: Aanbiedings/Referate/Toesprake/Artikels

Me M van Wyk (Afdeling Inligtingsdienste) het in Augustus 2008 'n referaat met die titel "Referencing, E-learning and the Faculty Librarian" by die Reference Renaissance Konferensie in Denver, Colorado, VSA gelewer en 'n groep personeellede het ook 'n referaat met die titel "Academic libraries in transition: the paradox implicit in the quest for a SU Library of the future" tydens die jaarlikse simposium van die Biblioteek- en Inligtingsdiens in November 2008 aangebied.

Me ER Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste, het verskeie aanbiedings gelewer by konferensies en ander geleenthede, onder andere:

- "Reinventing libraries worldwide: libraries for knowledge societies", Ontario Library Association Super conference. Toronto, Kanada, Februarie 2008.
- "Reflections from South Africa: Libraries and Social Change", Library of Congress. Washington DC, VSA, Februarie 2008.
- "Change, Connect, Converge", Colloquium, School of Library and Information Science, Catholic University of America. Washington DC, VSA, Februarie 2008.
- "The role of IFLA in advocating for libraries, International Conference on Advocacy and Marketing". Helsinki, Finland, April 2008.
- "Libraries on the move – Role of IFLA – Libraries for Access to Knowledge", Jaarlikse konferensie van die Swedish Library

Association. Swede, Mei 2008.

- “Reinventing libraries worldwide: libraries for knowledge societies”, Sabinet Konferensie. Wildekus, Oos-Kaap, September 2008.
- “HERS-SA Conference Declaration”, Women in Higher Education: Power and Privilege Hierarchies Workshop. Universiteit Stellenbosch, 17 September 2008.
- “Information Resources: University Trends”, HERS-SA Akademie 2008. Kaapstad, 24 September 2008.
- “Libraries Driving Access to Knowledge”, Library and Information Association of South Africa (LIASA) Konferensie. Kaapstad, Oktober 2008.
- “The role of IFLA in supporting and promoting reading”, Second All Russia Conference - The National Programme for Reading Support and Development. Moskou, Rusland, November 2008.

Mev A Schaafsma van die Afdeling Spesiale Versamelings het ’n lesing omtrent kommandeur Michael Scott vir die Bibliofiele Vereniging van die Kaap aangebied.

Me M Seyffert, hoof van die Afdeling Spesiale Versamelings het ’n lesing omtrent die afdeling, met spesifieke verwysing na die Stellenbossiana wat gehuisves word in die afdeling, vir die Stellenbosse Heemkring aangebied.

Me ER Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste en dr R Raju, Direkteur: Informatietegnologie en Kommunikasie het saam met prof C Masango van die Universiteit Kaapstad ’n artikel, “Libraries driving access to knowledge: a discussion paper”, in die *IFLA Journal* 34(4), Desember 2008, gepubliseer.

Me B Gericke, hoof van die Musiekbiblioteek en ’n lid van die Music Library Interest Group of Southern Africa, was in 2008 verantwoordelik vir die samestelling van die program van die jaarlikse werksessie van hierdie belangegroep wat saamval met die jaarlikse konferensie van die South African Society for Research in Music, wat in 2008 in Port Elizabeth plaasgevind het.

Finansies

Die totale toegekende begroting van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, asook ander inkomste vir 2008, in vergelyking met dié vir 2007, is uiteengesit in Tabel 1.

Die totale bedrag wat in 2008 op die institusionele begroting van R 33 605 627 spandeer is, was R 31 367 490 (93.3%). Die onbestede bedrag van R 2 238 137 (6.7%) was hoofsaaklik te wyte aan 2008 fakture wat nog nie ontvang was aan die einde van 2008 nie.

Die institusionele (materiaal-) begroting is in 2008 met 24.3% verhoog, in vergelyking met 2007. Alhoewel vooruitdekking aangekoop is om ’n gedeelte van die buitelandse uitgawes te dek, was ’n beduidende verhoging steeds noodsaaklik weens die ongunstige verandering in die wisselkoers.

Ondanks die toename in die institusionele begroting het die buitelandse koopkrag van die begroting egter gedaal aange-

sien slegs die vaste verpligtinge in terme van tydskrifte, volgwerke en databasisse met die begroting gedek kon word en geen nuwe titels bekostig kon word nie. ’n Verdere verswakking in die Rand het daartoe gelei dat die aanvanklike toekenning van R 32 871 000 later in die jaar aangevul is met ’n addisionele bedrag van R 734 627 om voorsiening te maak vir moontlike oorspandering. Hierdie situasie, wat reeds die afgelope vier jaar ervaar word by die Universiteit, hou ernstige gevolge in en bring agterstande mee, wat baie moeilik weer ingehaal sal kan word. Dit hou ook negatiewe implikasies in vir die bereiking van die Universiteit se akademiese en navorsingsdoelwitte. Dit is kommerwekkend aangesien die biblioteek nie in staat is om optimaal aan die inligtingsbehoefte van die Universiteitsgemeenskap te kan voorsien nie. Hierdie stand van sake sal dus in die toekoms ernstige aandag moet geniet.

Die bevindinge van ’n taakspan - met prof JU de Villiers, Dekaan: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, as voorsitter - wat in 2008 aangewys is deur die Biblioteekkomitee van die Senaat en belas was met ’n ondersoek aangaande die biblioteekbegrotingsmodel het bevestig dat die materiaalbegroting onvoldoende is. Die bevindinge is gebaseer op die reële afname in die kapitaalbegroting oor die afgelope paar jaar, die toename in studentegetalle, vergelykende syfers ten opsigte van die totale kapitaalbegroting teenoor die besteding van ander instellings, vergelykende syfers ten opsigte van die kapitaalbegroting van die biblioteek teenoor die totale begroting van die instelling en aanduidings van onvervulde behoeftes. Die aanbevelings van die taakspan ten opsigte van die toedeling van biblioteekfondse is in Oktober 2008 deur die Senaat aanvaar en die implementering daarvan sal in 2009 geskied.

In die lig van die aanbevelings van die taakspan, die strategiese prioriteite van die Universiteit, en die toenemende druk om te voldoen aan die vereistes wat gestel word, is dit noodsaaklik dat

Tabel 1: Begroting en ander inkomste

Begroting	2007	2008
Institusioneel (materiaal)	R 27 045 000	* R 33 605 627
Bedryf	R 4 302 465	R 4 534 798
Meubels en toerusting	R 607 364	R 640 161
Salarisse	R 16 518 590	R 17 674 892
Totaal	R 48 473 419	R 56 455 478
Ander inkomste		
Donasies	R 36 100	**R 374 125
Borgskappe	R 23 684	R 37 280
Afstandstudente	R 265 400	R 303 000
Boetes	R 95 904	R 92 871
Interne Inkomste	R 110 763R	R 145 999
Diverse Inkomste	R 636 691	R 649 150
Rente Ontvang	R 124 484	***R 1 164 112
Drukkerwerk (Studente)	R 436 353	R 557 139
Kursusinkomste	R0	R 54 450
Totaal	R 2 288 755	R 3 378 131

* Sluit addisionele toekenning van R734 627 in.

** Sluit skenking van R300 000 vanaf die HB Thom Trust in.

*** Sluit alle rente verdien op Fakulteite se B-rekenings in.

die toekomstige vasstelling van die kapaalbegroting ernstig oorweeg moet word om verdere agteruitgang van die biblioteekversameling te verhoed.

Hierdie bevindinge is ook bevestig deur die paneel betrokke by die eksterne evaluering van die Biblioteek- en Inligtingsdiens en terugvoering wat ontvang is van kliënte deur middel van die LibQUAL-meningsopname wat gedurende 2008 uitgevoer is.

Inligtingsbronne en versamelings

Die versameling monografiese materiaal (boeke en oudiovisuele materiaal) het in 2008 met 11 852 items gegroei. Aanvullend tot gedrukte boeke is toegang tot 744 individuele elektroniese boeke in 2008 aangekoop. Die meerderheid hiervan was 255 titels in die African Writers Series en 420 titels in die Referex-pakket op die Engineering Village-platform.

99% van die begroting wat vir boek- en ander monografiese materiaal geallokeer is, is in 2008 gebruik vir nuwe aankope. Hierdie begroting is aangevul deur bestellings ter waarde van R 154 934 wat teen spesiale fondse, wat vir die aankoop van biblioteekmateriaal beskikbaar was, geplaas is, sowel as bestellings ter waarde van R 244 641 teen eksterne departementele fondse.

Inflasie en die verswakking van die waarde van die Rand teenoor buitelandse geldeenhede het beteken dat daar in 2008 8% minder individuele boektitels aangekoop kon word. Daar word verwag dat hierdie syfer in 2009 verder sal versleg.

Die Katalogiseerafdeling word voortdurend voor groot uitdagings gestel om op die voorpunt van die snelveranderende inligtingsomgewing te bly. Nuwe en veranderde werksywyses, wat voldoen aan tradisionele organisatoriese inligtingsbeginsels, word voortdurend geïmplementeer ten einde 'n voortreflike en effektiewe diens aan biblioteekklieënte te lewer. In die strewende om die biblioteek se intydse bewaring van elektroniese bronne te vergroot, word 'n groter mate van aandag en insette van die personeel van die Katalogiseerafdeling vereis.

Die afdeling het 14 794 nuwe boeke (papier of elektronies) en ander materiaal in die rekenaarkatalogus opgeneem, 6 290 omskakelings is vanaf die kaartkatalogus na die rekenaarkatalogus gedoen, 1 481 bestaande rekords is opgradeer en 2 367 boeke is uit die voorraad onttrek binne die Biblioteek- en Inligtingsdiens se uitdunningsbeleid.

Verder was die afdeling ook intensief betrokke by die plasing van US-proefskrifte en -tesisse in elektroniese formaat op die nuwe Electronic Theses and Dissertations (ETD)-databasis van die Universiteit, om hierdie navorsingsuitsette deur middel van die internet wêreldwyd beskikbaar te stel.

Tabel 2: Groei en omvang van versameling

	2004	2005	2006	2007	2008
Boeke	662 286	671 347	680 706	690 011	701 863
Ander materiaal	35 670	35 694	36 382	36 849	39 706
Tydskrifvolumes (gebind)	349 961	353 382	354 738	356 650	359 332
Totaal	1 047 917	1 060 4 23	1 071 826	1 083 510	1 100 901

Die Katalogiseerafdeling lewer ook steeds 'n bydrae tot die uitbouing van die nasionale asook internasionale rekenaarkatalogi deur deelname aan die SACat van Sabinet Online en die WorldCat van die Online Computer Library Center (OCLC) in Dublin, Ohio, VSA, en is ook een van die katalogiseerafdelings van Suid-Afrikaanse biblioteke wat internasionaal bydra tot die skep van gesagsrekords vir name, naamlik NACO (Name Authority Cooperative).

Ten opsigte van die tydskrifte-versameling het die tydskriftitels in papierformaat gedurende 2008 met 20 titels verminder terwyl die elektroniese titels met 210 titels toegeneem het.

Eenhonderd-en-twee databasissubskripsies kon in 2008 hernu word. Vier nuwe databasisse kon aangekoop word, naamlik CSA Engineering Research Database, CSA High Technology Research Database with Aerospace, Juta's Review of South African Law en Financial Risk Service.

Die biblioteek kon ook die volgende terugwerkende lyste ("backfiles") van ScienceDirect aankoop: Agricultural and Biological Sciences (99 titels); Immunology and Microbiology (53 titels); Inorganic Chemistry (9 titels) en Physical and Analytical Chemistry (39 titels).

Inflasie en die verswakking van die waarde van die Rand teenoor buitelandse geldeenhede het in 2008 addisionele uitgawes vir tydskrifte en elektroniese bronne meegebring.

Kyk Tabel 3 vir die top twintig-databasisse vir 2008 uit 106 databasisse van die Biblioteek- en Inligtingsdiens.

Tabel 3: Top twintig-databasisse (aantal soektogte)

1 Business Source Premier	870 436	11 ProQuest Medical Library	34 123
2 Web of Science	298 488	12 Dissertations and Theses	34 086
3 Academic Search Premier	201 957	13 ABI/Inform Trade & Industry	32 535
4 ScienceDirect	118 306	14 ProQuest Agriculture Journals	31 449
5 SA Media	50 956	15 Career and Technical Education	31 286
6 SACat	46 564	16 ProQuest Telecommunications	31 221
7 Emerald	45 612	17 ProQuest Computing	31 183
8 ProQuest Science Journals	39 981	18 Academic OneFile	28 256
9 ProQuest Education Journals	38 633	19 SA ePublications	21 127
10 ProQuest Social Science Journals	35 195	20 Index to SA Periodicals	18 132

Pro-aktiewe kliëntgesentreerde dienslewering

1. Bronverskaffing

Diens aan kliënte is weer eens tydens 2008 vooropgestel en verskeie nuwe dienste is geïmplementeer en ondersoek geloods om dienste aan kliënte te verbeter.

Die ingebruikneming van 'n elektroniese interleningsaanvraag-vorm in April 2008, waarmee omslagtige prosedures wat voorheen deur kliënte gevolg moes word, uitgeskakel is, het groot byval gevind by kliënte en tussen April en Desember 2008 is ongeveer 40% van alle interleningsaanvrae op hierdie wyse deur kliënte gerig. Die gebruikersvriendelike stelsel beteken dat kliënte voortaan nie meer fisies na die Interleningsafdeling hoef te kom om vorms te voltooi nie, maar hul aanvrae vanaf hul kantoor of huis aan die afdeling kan rig.

Ook die rekwisievorms waarmee interleningskoste wat deur personeel van die Universiteit aangegaan word intern oorbetaal word aan die Biblioteek- en Inligtingsdiens is in elektroniese formaat omskep en op die Interleningsafdeling se webblad geplaas vanwaar kliënte dit direk kan aflaai en gebruik.

Met die implementering van bovermelde dienste is gevind dat sowat 54.5% van alle aanvrae wat deur die Interleningsafdeling in 2008 hanteer is op 'n elektroniese wyse geskied het. Die mening is dat hiermee 'n noemenswaardige bydrae gelewer is in die verbetering van dienste aan kliënte.


Die Interleningsafdeling het in 2008 ook die Online Computer Library Center (OCLC) First Search-stelsel optimaal begin benut, en daarmee saam gebruikmaking van die gratis biblioteke wat deel uitmaak van die stelsel, wat beteken het dat meer artikels van oorsese verskaffers aangevra kon word teen slegs nasionale aanvraagkoste. Dit het gelei tot 'n baie groot toename (70.8%) in veral internasionale artikelaanvrae. Hierdie diens word beskou as een wat beslis waarde toevoeg tot die Biblioteek- en Inligtingsdiens se algemene diensleweringmodel aan kliënte.

Dit wil voorkom asof die afwaartse tendens in interleningstastiek van die afgelope aantal jare gestabiliseer het en soos in Grafiek 2 hieronder aangetoon word, is daar slegs 'n nominale afname van 223 transaksies in die totale aantal interleningstransaksies wat in 2008 by die Biblioteek- en Inligtingsdiens hanteer is. Die interleningslandskap is egter beslis aan die verander en wêreldwye tendense in hierdie omgewing word deurlopend deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens dopgehou.

Volgens die interleningslys van Sabinet Online omtrent die vyf hoofaanvraers en –verskaffers in Suid-Afrika was die Universiteit Stellenbosch Biblioteek- en Inligtingsdiens in 2008 die grootste aanvrager uit 259 biblioteke en die derde grootste verskaffer uit 314 biblioteke.

Hoewel die totale aantal uitreikings van die Biblioteek- en Inligtingsdiens weer eens in 2008 verder afgeneem het (kyk Grafiek 3 hieronder), het uitreikings by die JS Gerike Biblioteek in 2008 wel met 3.46% toegeneem na 'n marginale afname van 0.67% in 2007. Hierdie toename in uitreikings by die hoofbiblioteek hou

Grafiek 1: Gebruik van databasisse 2006-2008





heelwaarskynlik onder meer verband met die afname in hernuwings soos hieronder beskryf.

Die ervaring van al die biblioteke van die Biblioteek- en Inligtingsdiens is dat hernuwings van biblioteekmateriaal weer eens in 2008 afgeneem het – byvoorbeeld die JS Gerike Biblioteek met 9.3% - en die bestendige afname in die totale aantal uitreikings (hernuwings ingesluit) van die Biblioteek- en Inligtingsdiens gedurende die afgelope aantal jare word steeds grootliks toegeskryf aan die inperking van die onbeperkte aantal toelaatbare hernuwings in 2006, maar ook aan ander maatreëls soos verbeterde bestuur van uitstaande biblioteekmateriaal, voorafkennisgewings wat deurlopend aan kliënte gestuur word, die elektroniese versending van drie aanmanings aan kliënte, e.s.m., en faktore soos toenemende verbeterde toegang tot elektroniese inligtingsbronne vir kliënte.

Die aantal reserwe-uitreikings by die JS Gerike Biblioteek het verder in 2008 afgeneem met sowat 5.2% en dit het uiteraard ook 'n invloed op die afname van die totale aantal uitreikings van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Hoewel die afname nie so groot was soos in die voorafgaande jare nie (byvoorbeeld 13.9% in 2007), is dit weer eens 'n verwagte afname wat veral verband hou met die implementering van die dekkende outeursreglisensie in 2006, met die gepaardgaande prosedures en voorwaardes wat vir reserwe-items geld. Die kleiner afname mag moontlik dui op 'n afplating in die tendens. Hierdie afname bly in lyn met die strategiese doelwit om aktiwiteit van die reserwe-afdeling van die JS Gerike Biblioteek af te skaal na dit wat die kernbesigheid van 'n reserwe-afdeling is.

Grafiek 2: Totale Interlenings 2002-2008





2. Inligtingsdienste

Die tweejaarlikse evaluering van die biblioteekversamelings van die onderskeie akademiese departemente het weer in 2008 plaasgevind nadat dit in 2006 vir die eerste keer op kampus aangepak is. Die doel hiervan was om die vakprofiel wat tydens die evalueringsaksie in 2006 vir alle vakdissiplines opgestel is, by te werk met betrekking tot die huidige vlak van die versameling teenoor die vereiste vlak (byvoorbeeld algemeen-inleidend; vir voorgraadse of nagraadse studie; vir navorsing, ens.) en om leemtes te identifiseer wat verhoed dat die versameling die vereiste vlak kan bereik. Vanaf 2009 tot in 2010, wanneer die volgende evalueringsaksie sal plaasvind, sal fakulteits- en takbibliotekarisse, in samewerking met die akademiese departemente, werk aan die vulling van die leemtes om die versameling op die vereiste vlak te bring ter optimale ondersteuning van leer, onderrig en navorsing aan die Universiteit.

Die evaluering van 2008 het, soos in 2006, weer eens baie suksesvol verloop met baie goeie samewerking tussen die fakulteits- en takbibliotekarisse en die akademiese departemente wat hulle onderskeidelik bedien. 'n Nuwe vakprofiel is vir elke departement opgestel en tot die beskikking van die betrokke departement gestel vir die regstelling van leemtes wat uitgewys is, in samewerking met die fakulteits- of takbibliotekaris. Ten einde noodsaaklike bestuursinligting hieromtrent aan Dekane te voorsien, is opsommings van die vakprofiel van al die toepaslike departemente binne die betrokke fakulteit teen die einde van 2008 ook aan elke Dekaan voorsien.

Wat betref die virtuele inligtingsdiens, is daar voortgegaan met die vaslegging van inligtingsnavrae en antwoorde op die QuestionPoint KnowledgeBase en daar was 'n geringe styging in die totale aantal rekords wat in die loop van die verslagjaar vasgelê is, vanaf 1105 rekords in Januarie 2008 na 1124 rekords in Februarie 2009. Die gebruik van AskALibrarian deur biblioteek-

kliënte het ook weer toegeneem met gemiddeld 58.8 navrae per maand.

3. Dienste aan nie-universiteitskliënte

Dienste in die vorm van lenings van biblioteekmateriaal, asook beperkte opleidings- en inligtingverskaffingsdienste is weer eens in die loop van 2008 aan 'n verskeidenheid nie-universiteitskliënte gelewer en sluit lede van die publiek (besoekers of lede van die publiek wat individueel as lede van die biblioteek aansluit), Cape Library Consortium (CALICO)-kliënte (sowel CALICO-besoekers as diegene wat as CALICO-kliënte aansluit), alumni van die Universiteit Stellenbosch, leerders van skole, institusionele lede en ander groeperings in.

Vier instansies het in 2008 as institusionele lede aangesluit, naamlik die Stellenbosch Academy of Design and Photography, die Stellenbosch Academy for Health and Skin Care, die Boland Kollege (Stellenbosch) en die Hotelskool (Lanzerac).

4. Inligtingsgeletterdheid

Inligtingsgeletterdheid, en daarmee saam die opleiding van kliënte, bly steeds 'n strategiese prioriteit vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens en gevolglik het opleiding weer eens 'n groot deel van die fakulteits- en takbibliotekarisse se taak van dienslewering aan primêre kliënte van die Biblioteek- en Inligtingsdiens in 2008 uitgemaak. Die opleidingstatistiek wat hier voorsien word, sluit dié van sowel die Afdeling Inligtingsdienste (JS Gericke Biblioteek) as die takbiblioteke in.


Die geïntegreerde elektroniese biblioteekopleidingsmodule wat sowat drie jaar gelede met behulp van WebStudies ontwikkel is om meer primêre kliënte te bereik vir wie dit byvoorbeeld nie prakties moontlik is om 'n geskeduleerde kontakssessie by te woon nie, het meegebring dat in 2008 'n verdere 3 059 primêre kliënte kurrikulumverwante opleiding ontvang het. Hierdie getal kliënte is bykomend tot die totale aantal kliënte wat met behulp van kontakssessies groep- of individuele opleiding ontvang het. Hierdie wyse van aanbieding van opleiding vul dus die kontakssessies noemenswaardig aan en daar word vertrou dat die opleidingsmetode mettertyd oor alle fakulteite heen sal inslag vind. Individuele opleiding wat deur middel van elektroniese handleidings per e-pos plaasvind, word ook vanaf 2008 in die opleidingstatistiek opgeneem aangesien dit 'n metode van opleiding is wat aan die toeneem is en wat derhalwe in die statistiek gereflekteer behoort te word.

Hoewel daar 'n afname van 20.2% was in die totale aantal primêre kliënte wat in 2008 opgelei is teenoor 2007, het die enigste noemenswaardige daling in die Fakulteit Ekonomiese en

Tabel 4: Aantal persone opgelei volgens tipe kliënt

	Groepe			Individueel			Totale		
	2006	2007	2008	2006	2007	2008	2006	2007	2008
Voorgraads	3 927	9 947	8 727	4 527	4 423	3 840	8 454	14 370	12 567
Nagraads	1 762	2 333	1 570	1 800	3 204	2 273	3 562	5 537	3 843
Dosente	6	32	24	540	485	451	546	517	475
Afstandsonderrigstudente	76	80	252	83	29	5	159	109	257
Nie-universiteitskliënte	890	794	452	1 234	1 547	127	2 124	2 341	579
TOTAAL:	6 661	13 186	11 025	8 184	9 688	6 696	14 845	22 874	17 721

Grafiek 4: Persentasie studente opgelei per fakulteit (Groepe)




Bestuurswetenskappe plaasgevind. Dit is te wyte aan 'n afname in die aantal voorgaande studente van hierdie fakulteit wat deur middel van die WebStudies-groepopleidingsmetode bereik is. Die fakulteitsbibliotekaris van hierdie fakulteit asook dié van die Fakulteit Natuurwetenskappe het ook hul statistiekhouding van individuele opleiding wat in die loop van 2008 aangebied is anders aangepak as in voorafgaande jare en dit het 'n verdere afname in die statistieke meegebring. In die meeste ander fakulteite het die getalle kliënte wat in 2008 opgelei is steeds gegroei vanaf 2007 tot 2008 en die totale aantal primêre kliënte wat in 2008 opgelei is, hoewel ietwat minder as in 2007, is steeds 12.18% meer as in 2006.

In die Fakulteit Regsgeleerdheid is weer eens die grootste persentasie kliënte met kurrikulumgeïntegreerde groepopleiding bereik, naamlik 143.8%, teenoor die verwagte kleiner persentasie van 2.7% wat met individuele opleiding bereik is. Die fakulteit waar die grootste persentasie kliënte deur middel van individuele opleiding in 2008 bereik is, is Teologie met 119.53%, terwyl slegs 16.05 % groepopleiding ontvang het.

Die getal nie-universiteitskliënte wat in 2008 in groepe opgelei is, het met 342 kliënte verminder teenoor die totaal van 2007. Bykomend tot die groepsopleiding het 'n verdere 818 nie-universiteitskliënte ook individuele opleiding ontvang.

Grafiek 5: Persentasie studente opgelei per fakulteit 2008 (Groepe en individueel)



5. Takbiblioteke

5.1 Ingenieurs- en Bosboubiblioteek

Dienslewering aan kliënte van die Ingenieurs- en Bosboubiblioteek het veral gebaat by die befondsing wat in 2008 beskikbaar gestel is vir elektroniese toegang tot CSA Illumina: Engineering Research Database asook die CSA Illumina: High Technology Research Database with Aerospace.

Uit die elektroniese boeke-aanbod van Referex wat op die Engineering Village-platform loop, is ook 368 titels van die Mechanical Materials se terugwerkende lys ("backlist"), 10 titels uit die Civil & Environmental-lys en 38 titels uit die Electronics-lys aangekoop. Hierdie titels sal voortaan, saam met die gebruik van Compendex, grootliks bydra tot wyer toegang tot artikels, boeke, konferensie-verslae, standarde, e.s.m.

Die voorsiening van bovermelde bronne bring die Ingenieurs- en Bosboubiblioteek nader aan sy doelwit om die biblioteek, met betrekking tot toegang tot inligtingsbronne, optimaal in lyn te bring met vergelykbare biblioteke in Europa en die VSA.

Ter vervulling van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se strategiese doelwit ten opsigte van die bevordering van inligtingsgeletterdheid is daar is ook goeie vordering gemaak met die voorbereidings vir die inrigting van 'n funksionele elektroniese klaskamer in die biblioteek waar kliënte met behulp van die nuutste toerusting praktiese opleiding in die ontwikkeling van inligtingsvaardighede met betrekking tot die bronne relevant tot hulle vakdisseplines sal kan ontvang. Daar word beoog om hierdie lokaal vroeg in 2009 in gebruik te neem.

5.2 Musiek- en Teologie Biblioteke

Koordlose toegang is in 2008 by sowel die Musiekbiblioteek as die Teologie Biblioteek geïnstalleer wat die gebruik van skootrekenaars in dié biblioteke aansienlik vergemaklik het vir kliënte.

Tydens die tweejaarlikse voorraadevaluering wat weer in 2008 plaasgevind het, is gevind dat baie goeie vordering gemaak is met die aanvul van leemtes in die voorraad van die Musiekbiblioteek wat tydens die evalueringsproses van 2006 uitgewys is. In meeste gevalle, soos byvoorbeeld by die dissiplines Musiekopvoedkunde, Musiekwetenskap en Musiektegnologie, is leemtes geheel en al uitgewys, hoewel nuwe leemtes wel ook weer in die 2008 evalueringsaksie uitgewys is. Goeie vordering ten opsigte van die aanspreek van die uitwissing van leemtes is veral in Praktiese Musiekstudie gemaak en die areas wat hierby ingesluit word, is, onder meer, orrelwerke (solo- en kamerstukwerke), klavierwerke (duette en tweeklavierwerke) en koorleiding. Die voorraadevaluering het aangetoon dat leemtes in die voorraad van die Teologie Biblioteek ook grootliks uitgewys is sedert die evalueringsproses van 2006. Die jaarlikse bydrae van die Kuratorium ter stywing van die biblioteek se materiaalfondse het 'n aansienlike bydrae gelewer tot die tydige bywerking van hierdie leemtes.

Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) - Musiekbiblioteek

Met befondsing wat deur die Vise-reektor: Navorsing voorsien is, was dit moontlik om die werksaamhede van die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) voort te sit en is daar weer eens baie goed gevorder op verskillende gebiede.

Belangrike aanwinste vir 2008 sluit in die Obelisk Musiekversameling wat bestaan uit bladmusiek, klankopnames en dokumente. Hierdie versameling is met biblioteekfondse vir die DOMUS aangekoop. Ander nuwe versamelings is ook in die loop van die verslagjaar aan die sentrum geskenk, onder meer: die versamelings van die EOAN-groep, Stefans Grové, die Kaapstadse Filharmoniese Orkes, John Simon, George van der Spuy, die Suid-Afrikaanse Kerkorreliste Vereniging (SAKOV) en die International Society for Contemporary Music (ISCM): NewMusicSA.



Gerald Samaai tydens EOAN se kleedrepetisie van Donizetti se *L'elisir d'amore* [1965].

Foto: Cloete Breytenbach

Die verwerking van die EOAN-versameling is met befonding uit die strategiese fonds van die Universiteit moontlik gemaak en die voorlopige voorsortering daarvan is reeds afgehandel. Daar kon gevolglik ook met die voorgename EOAN-boekprojek (wat onder andere staatmaak op gemeenskapsinsette) begin word en die eerste vergaderings met oud-lede van die groep, belangstellers en die publiek kon dus reeds in 2008 plaasvind.

Die afgehandelde Jannasch- en Coates-katalogi is in 2008 op die webtuiste van die DOMUS gelaai en is nou vir potensiële kliënte wêreldwyd toeganklik. 'n Databasis van spesiale musiekversamelings in Suid-Afrika is as deel van 'n Magisterstudie aan die Universiteit Stellenbosch, met behulp van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se Afdeling Informatietegnologie geskep en ook nou op die webtuiste van die DOMUS beskikbaar. Die DOMUS is die afgelope twee jaar die setel vir RILM Suid-Afrika en die aktiwiteite van laasgenoemde word ook op die DOMUS-webtuiste gehuisves.

Verskeie publikasies, referate en ook nagraadse studies het weer in 2008 voortgevloei uit navorsing wat in die versamelings van DOMUS plaasgevind het. Vyf akademiese artikels uit die penne van dr Stephanus Muller (in: *The Musical Times*, Winter 2008; *LitNet Akademies* 5(1), Augustus 2008; *Composing Apartheid*, ed. Grant Olwage, Wits



'n Bladsy uit Albert Coates se opera *Asshurbanipal*

University Press, 2008); prof Izak Grové (in: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 48(1), Maart 2008); en me Matildie Thom-Wium (in: *LitNet Akademies* 5(2), Oktober 2008), wat uitvoerig gesteun het op die Arnold van Wyk-versameling, het in 2008 verskyn. Twee referate gebaseer op materiaal uit die DOMUS-versamelings is by die konferensie van die South African Society for Research in Music (SASRIM) wat in Augustus 2008 in Port Elizabeth gehou is, gelewer, en twee doktrale, twee magister-verhandelinge en een honneurs-skripsie wat uit hierdie materiaal voortgespruit het, is in 2008 afgehandel, of is tans onderweg.

5.3 Gesondheidswetenskappe Biblioteek

Die inrigting van 'n lokaal in die Gesondheidswetenskappe Biblioteek in 2007, waar opleidingsaanbiedings vir groepe kliënte kan plaasvind, het tot gevolg gehad dat die eerste groepopleidingsgeleentheid vanaf Januarie 2008 in hierdie lokaal plaasgevind het. Die deeglike uiteensetting en demonstrasies wat hier met behulp van 'n Powerpoint-program aan groepe van sowat 20 studente op 'n keer aangebied kon word en opgevolg is met rondleidings in die biblioteek, is allerweë as baie positief deur studente ervaar en die mening van biblioteekpersoneel is dat hierdie studente 'n veel beter begrip toon van veral toegang tot die biblioteek katalogus en tot elektroniese bronne.

Die biblioteek is ook in 2008 deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling en -steun van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe betrek by hul opleidingsessies aan nagraadse studente. Databasisopleiding, opleiding in die gebruik van die A-Z lys van elektroniese tydskrifte, e.s.m. is deur biblioteekpersoneel aangebied. Die terugvoering van die studente was besonder positief en die samewerking met die vermelde afdeling sal gevolglik in 2009 voortgesit word.

Die toenemende aanskaffing van elektroniese boeke gedurende 2008 het positief geïmpakteer op die voorsiening van toegang tot inligtingsbronne aan afstandstudente, asook aan studente wat met hul praktiese opleiding by die satelliet opleidingsentrums (Ukwanda) van die Fakulteit by Hermanus en Worcester werksaam is. Daar word beoog om in 2009 verder sterk op die aanskaffing van boeke in hierdie formaat te konsentreer.

5.4 USBI

Me H Swart van die USBI was weer in 2008 saam met 'n dosent van die US Bestuurskool betrokke by die aanbieding van die Navorsingsmetodologie-program vir MBA-studente. Die opleiding aan hierdie studente is in 2008 verder uitgebrei en verdieper deurdat 'n deel van die opleiding die afhandeling van 'n groeptaak was waarin die studente moes toon dat hulle die basiese uitkomstes van inligtingsgeletterdheid bemeester het. Die proses wat gevolg is om die inligting te herwin, moes uiteengesit word en die uiteindelige resultate moes aan die vereistes van die aanvanklike navorsingsdoelwit beantwoord. Hierdie uitbreiding van die opleidingsprogram is as baie suksesvol beskou. Die studente het baie goeie resultate behaal en groot baat gevind by die uitvoering van die taak.

Daar is in 2008 by die USBI begin om 'n geïntegreerde dienslewingsprofiel van die akademiese en navorsers van die US Bestuurskool saam te stel. Die doel van die profiel is om die vol-

gende inligting van alle dosente en navorsers in 'n tabelformaat bymekaar te kry: kontakbesonderhede van alle permanente en gasdosente, asook navorsers; die gebiede van kundigheid / navorsingsgebiede / belangstellingsvelde van dosente en navorsers; tydskrifpublikasies waarvoor kennisgewings vir ontvangs van inhoudsopgawes ("TOC (Table of Contents) alerts") geskep is en wat hulle gereeld ontvang; afskrifte van inhoudsopgawes van boeke en tydskrifartikels wat as deel van 'n aktualiteitsdiens aan hulle gestuur word; en aantekeninge van alle kontak (telefonies, persoonlik, per e-pos, ens.) tussen die biblioteek en die kliënt. Hierdie profiele stel die biblioteekpersoneel in staat om hul dienslewering aan en ondersteuning van hierdie groep kliënte uit te brei en te verfyf.

6. Spesiale Versamelings

Die opstelling van die katalogus en indeks vir die omvangryke HB Thom-versameling in die Dokumentesentrum is in 2008 afgehandel en daar word beoog om 'n spesiale geleentheid vir die bekendstelling van die katalogus vroeg in 2009 te reël. Ander versamelings waaraan ook gedurende die verslagjaar gewerk is, sluit, onder meer, dié van Hennie Aucamp, PJ Cillié, WA de Klerk, Freda Linde, PJ Philander, Lina Spies, JC Kannemeyer, Hans Herre, Hans Ester, e.s.m. in.

'n Aantal nuwe versamelings, asook byvoegings tot bestaande versamelings – in totaal sowat 945 cm lineêre rakspasie – is in die loop van die verslagjaar by die versamelings van die Dokumentesentrum gevoeg en sluit onder meer die versamelings van Barry Roelou (sakeman), Rudolph WJ Opperman (President: Nasionale en Olimpiese Spelevereniging), Petronella van Heerden (skryfster/mediese dokter), ELP Stals (historikus), en andere in.

In 2008 is 371 nuwe titels vir die Africana-versameling aangekoop. 'n Aantal van die mees noemenswaardige aankope is die volgende:



- *Lifetimes under Apartheid* / David Goldblatt, Nadine Gordimer. 1986. ('n Ontbrekende fotoboek in die David Goldblatt-reeks.)
- *The trial of Andrew Zondo* / Fatima Meer. 1987. ('n Skaars slapbandpublikasie oor die 1985 Amanzimtombom.)
- *Africa's first Olympians: the story of the Olympic movement in South Africa, 1907-1987* / Rudolph WJ Opperman, Lappe Laubscher. 1987.
- *Historical approaches*, vol. 1-5. ('n Reeks wat sedert 2002 deur die Geskiedenis Departement van die Universiteit van Kaapstad uitgegee word en navorsing deur topstude- nte binne die departement bevat oor baie interessante plaaslike onderwerpe.)
- *Changing hands: a calendar of bondage in southern Africa* / Robert Shell. 2007. ('n Nuttige CD Rom-databasis van inligting oor slawerny aan die Kaap, geïnstalleer op die rekenaar in die Africana-lokaal.)
- *Primitive man and the enlightened observer: Peter Kolb among the Khoikhoi* / Anne Maria Good. 2005. Doktorale tesis, Universiteit van Michigan.
- *Narrative of the circumnavigation of the globe by the Austrian frigate Novara ... in the years 1857, 1858 &*

1859 / Karl Scherzer. 2007. ('n Faksimilee uitgawe van 'n baie belangrike reisverhaal. Volgens kenners word 'n Moslem Kramat vir die eerste keer in 'n Europese reisverhaal afgebeeld in hierdie bron. Die graf van Sheikh Yusuf by Faure word afgebeeld en in detail beskryf in dié bron.)

- *The Cape Malays: an essay by a Cape Colonist* / Erik G Aspeling. 1883. ('n Skaars en waardevolle pamflet.)
- *Claudius watercolours in the Africana Museum* / met aantekeninge deur Anna H Smith. 1952. (25 plate met afdrucke van kunswerke deur Heinrich Claudius, bekende illustreerder van reisjoernale in die 17de eeu.)

Die Afdeling Spesiale Versamelings het ook weer 'n aantal interessante nuwe boeke as skenkings ontvang in 2008, soos onder meer, *The Islamic da'wah from the Auwal Mashid in the Bo-Kaap to Mosterd Bay (Strand), 1729-1838* / Ebrahim Rhoda; *Logan's golden age: cricket, politics and empire, South Africa, 1888-1910* / Dean Allen; *Adamastor: spirit of the Cape of Storms* / Schalk le Roux; *The postmarks of Rhodesia 1880-1980* / Philatelic Federation of South Africa; *Democratic vistas: exploring the Raymond Danowski Poetry Library* / Emory Libraries, en andere.

Daar was weer, soos in voorafgaande jare, talle voorbeelde van tasbare uitkomst van die inligtingsverskaffing wat deur personeel van die afdeling aan kliënte voorsien word, met talle publikasies en ander aktiwiteite wat 'n direkte resultaat was van navorsing in die afdeling:



- *Songs of the veld and other poems: Engelse gedigte oor die Anglo-Boereoorlog* / ingelei deur Marthinus van Bart. Kenilworth : Cederberg, 2008.
- *An eloquent picture gallery: the South African portrait photographs of Gustav Theodor Fritsch* / edited by Keith Dietrich and Andrew Bank. Auckland Park : Jacana, 2008.
- *State of the nation: as viewed from a front bench in parliament 1969-1981* / Japie Basson. Camps Bay : Politika, 2008.
- *Wenus Hotentocka* / Jerzy Koch. Warszawa : Wydawnictwo Akademickie Dialog, 2008 (hierdie is 'n Poolse publikasie oor Afrikaanse literêre geskiedenis).
- *I luften 2009: Flygets Årsbok*. Stockholm : Allt om Hobby, 2008. (Thorsten Fridlitzius het 'n hoofstuk in die boek geskryf oor sweefvliegtuie in Suid-Afrika. Hy het grootliks gebruik gemaak van die H von Michaelis-versameling vir

die hoofstuk. Verskeie oorspronklike foto's uit die versameling is ook in die boek gebruik.)

- *Vere Bosman di Ravelli: loopbaan, kwartierstaat en musikale genealogie* / Gerhard Geldenhuys. 2008.
- *Simposium oor slawerny*. Stellenbosch, 1 Desember 2008. Twee van die sprekers, Marthinus van Bart en Ebrahim Rhoda, het baie van die voorbereiding vir hul referate gedoen met hulp vanuit die Africana-afdeling.

Verbeterde toepassing van Inligtingstechnologie

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens beoog om 'n institutionele digitale stoor (oftewel "institutional repository" (IR)) te skep waarmee die intellektuele uitsette van die Universiteit beter bewaar en toeganklik gemaak kan word. Hierdie intellektuele uitsette behels, onder andere, elektroniese tesisse en proefskrifte, navorsingsuitsette, gedigitaliseerde materiaal en artikels wat gepubliseer of geoogmerk is vir publikasie. In die loop van 2008 het die Biblioteek- en Inligtingsdiens in samewerking met die Registrateur en die US se Afdeling Informatietegnologie 'n elektroniese tesisse en proefskrifte-databasis tot stand gebring waarmee tesisse en proefskrifte vir graderingsdoeleindes in elektroniese formaat op die databasis gelaai word. Die stelsel is suksesvol geloods en bykans 350 tesisse en proefskrifte is teen die einde van 2008 suksesvol op die stelsel gelaai.

Daar word ook beoog om voortaan meer unieke bronne wat slegs in papierformaat beskikbaar is, te digitaliseer en ook op die IR beskikbaar te stel vir beter toeganklikheid asook vir bewaringsdoeleindes. Die betrokke versamelings is reeds geïdentifiseer en sal mettertyd met die toepaslike digitaliseringstoerusting na digitale formaat omgeskakel word.

Gehalteversekering

Twee belangrike doelwitte vir 2008 in terme van Gehalteversekering was die uitvoering van 'n tweede LibQUAL-meningsopname en die samstelling van 'n selfevalueringsverslag ten einde 'n eksterne evaluering te kon ondergaan. Albei doelwitte is suksesvol in 2008 afgehandel.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het die bekende internasionale biblioteekmeningsopname, LibQUAL+™, wat wêreldwyd gebruik word en in Noord-Amerika ontwikkel is, weer in April 2008 uitgevoer. Ongeveer 10% van die totale getal studente en per-

soneellede van die Universiteit (altesaam 2 612 persone) het die opname voltooi en waardevolle inligting aangaande hul persepsies van die biblioteek en sy dienste is ontvang. In vergelyking met die opname van 2005, het die biblioteek in die opname van 2008 in alle opsigte beter gevaar. Die minimum asook die verwagte punte van respondente was egter ook hoër as tevore, wat mag beteken dat kliënte se verwagtinge van die diens intussen ook gestyg het. Aspekte wat as probleemareas aangedui is, geniet aandag en is in sommige gevalle reeds ingesluit in die Biblioteek- en Inligtingsdiens se strategiese aksieplanne vir 2009.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het 'n intensiewe selfevalueringsproses onderneem ten einde te voldoen aan die Universiteit Stellenbosch se beleid en prosedure ten opsigte van departementele evaluering (2004-2009 siklus). Die selfevalueringsproses is geïntegreer met die Biblioteek- en Inligtingsdiens se interne gehalteversekeringsraamwerk, wat belyn is met die Universiteit se Gehalteversekeringsbeleid.

Die kriteria wat gebruik is vir die selfevalueringsproses is gebaseer op nasionale riglyne vir die selfevaluering van akademiese biblioteke in Suid-Afrika. Hierdie riglyne is ontwikkel deur die Committee for Higher Education Librarians of South Africa (CHELSA). Die interne selfevaluering is bekragtig deur twee eksterne panelede, naamlik me Anne Bell (Warwick Universiteit, Verenigde Koninkryk) en mev Monica Hammes (Universiteit van Pretoria).

Daar was 'n sinergie tussen die aanbevelings van die eksterne panelede en die probleemareas wat deur die biblioteek geïdentifiseer is deur middel van die selfevalueringsproses. Die panelede was beïndruk met die klem wat die biblioteek lê op kliëntefokus, asook sy IT-strategie. In die huidige nasionale en internasionale biblioteek- en inligtingsomgewing (maar in verskillende grade) word die kombinasie van 'n sterk kliëntefokus en 'n IT-strategie as die hoeksteen van toepaslike en doeltreffende biblioteek- en inligtingsverskaffing in die 21ste eeu beskou.


Die aanbevelings van die eksterne paneel verwys, in hooftrekke, na 'n biblioteek- en inligtingsdiens van die toekoms. Hierdie aanbevelings voorsien geleenthede aan die US Biblioteek- en Inligtingsdiens om die weg te baan vir die 21ste eeu en om 'n beduidende rol te speel in die bereiking van die Universiteit se pedagogiese doelwitte, deur middel van verbeterde inligtingsdienste, vennootskappe en gepaste integrasie met naverwante omgewings op kampus.

Die Universiteit het intussen aansienlik belê in die Biblioteek- en Inligtingsdiens deur middel van die goedkeuring van die Oorhoofse Stragiese Plan-projek as die eerste stap na biblioteek- en inligtingvoorsiening in die 21ste eeu.

Kommunikasie / Bemarking

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se oorhoofse bemarkingstrategie is om sigbaarheid te verhoog en om bewustheid te skep vir dienste, fasiliteite en bronne. Hierdie doelwit is vanjaar op verskeie wyses nagestreef en suksesvol uitgevoer. 'n Verskeiden-

Grafiek 6: Oorsig van LibQUAL resultate 2005/2008



heid aksies is onderneem om die bemarkingstrategie te bevorder en het 'n paar hoogtepunte opgelewer.

'n Nuwelingoriënteringsprogram is aan die begin van die jaar met besondere groot sukses by die JS Gericke Biblioteek aangebied en het 'n aansienlike styging getoon in die aantal studente wat die program bygewoon het. Van die hoogtepunte was die Fakulteit Regsgeleerdheid wat 'n 100% bywoningsyfer gehad het en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wat vir die eerste keer by die program ingeskakel het.

Nasionale Biblioteekweek wat in Maart gevier is, was 'n verdere hoogtepunt en is benut om die Biblioteek- en Inligtingsdiens se waarde en rol op kampus te beklemtoon deur verskeie geleenthede wat in hierdie week aangebied is. 'n Praatjie oor die lewe en werk van die bekende skrywer Etienne Leroux, "Die verrassende Etienne Leroux", deur die bekende Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedskrywer en biograaf, prof John Kannemeyer is goed bygewoon.

Die biblioteeknuusbrief, *Bibnuus*, wat 'n nuwe baadjie en formaat gekry het, het drie keer verskyn en dit is, buiten aan die gewone biblioteekklïente, ook aan 'n wyer publiek, insluitend internasionale biblioteke, gestuur.

Uit 'n strategiese oogpunt is die uitdagings om 'n omvattende bemarkingsplan vir die biblioteek te ontwikkel; 'n duidelik herkenbare handelsmerk te vestig; 'n gedifferensieëerde kommunikasiebeleid daar te stel; en toenemend en innoverend nuwe tegnologie in te span om kommunikasie te verbeter gedurende 2008 voorlopig ondersoek en dit sal in 2009 verder aandag geniet.

Tiende Jaarlikse Biblioteek simposium

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het die tiende herdenking van die aanbieding van sy jaarlikse simposium gedurende 2008 gevier. Die tema vir die simposium "Shall the twain ever meet?: supplying the demand in an academic library and information service environment" het 'n besigheidsektor paradigma ingespan om die dinamika van die biblioteek- en inligtingsektor te interpreteer. Verskeie internasionale sprekers het referate gelewer, insluitend mnr Chip Nilges, Vise-president: Besigheidsontwikkeling by die Online Computer Library Center (OCLC) in die VSA. Die geleentheid was baie suksesvol en dit is weer eens as 'n belangrike datum op die nasionale biblioteekkalender bevestig.



Streek-, nasionale en internasionale samewerking

Streek-, nasionale en internasionale samewerking is, soos in vorige jare, in 2008 voortgesit op verskeie vlakke en in verskeie forums.

Op streeksvlak is die omvattende ondersoek na die biblioteekstelsel van die Cape Library Consortium (CALICO) verder gevoer. Personeel van die deelnemende CALICO-instansies het demonstrasies en inligtingsessies van twee verskaffers bygewoon om op hoogte te kom van die nuutse ontwikkelinge op die gebied van biblioteekstelsels en die Raad en die Komitee van Direkteure van CALICO het indiepte opvolggesprekke met die verskaffers se verteenwoordigers gevoer. Dit is teleurstellend dat die ondersoek nie in 2008 afgehandel kon word nie, met die gevolg dat daar besluit is om met die huidige Aleph-stelsel voort te gaan in 2009.

Betrokkenheid by nasionale en internasionale forums is ook voortgesit gedurende 2008, wat in die breë belang en tot voordeel van die Universiteit was. Die Senior Direkteur, me E Tise, het, onder andere, twee vergaderings van die Committee for Higher Education Librarians of South Africa (CHELSA), wat deur die direkteure van die hoër onderwysbiblioteke verteenwoordig word, in Mei en Oktober bygewoon, in Oos-Londen en Kaapstad onderskeidelik. Me E Nolte, Direkteur: Kliëntediens en Menslike Hulpbronadministrasie, het die South African National Licensing Consortium (SANLIC) se Algemene Jaarvergadering in Oktober in Durban bygewoon.

Me Tise het ook die International Council for Science (ICSU) se Algemene Vergadering in Maputo bygewoon as verteenwoordiger van die International Federation of Library Associations and Institutions (IFLA) en as deel van die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting se afvaardiging. Me Tise is ook vir 'n verdere twee-jaar termyn herverkies as lid van die Raad van Direkteure van Sabinet.

Internasionale skakeling is voortgesit deur middel van me Tise se lidmaatskap van die Raad van Lede van die Online Computer Library Center (OCLC) in Dublin, Ohio in die VSA. Haar drie-jaar termyn het in Mei 2008 ten einde geloop. Sy het ook in Augustus 2008 die IFLA World Library and Information Congress in Quebec Stad, Kanada, bygewoon, waar sy die Universiteit verteenwoordig het en as die aangewese president van IFLA deelgeneem het aan verskeie besprekings, aanbiedinge gedoen en vergaderings toegesprek het, en as voorsitter opgetree het by, onder andere, die UNESCO Open Forum en die OCLC Industry Update.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens is vereer met besoeke deur die huidige IFLA President, me Claudia Lux, asook prof Barbara I Dewey, Dekaan van Biblioteke, Universiteit van Tennessee, Knoxville. Beide is inspirerende ambassadeurs vir die biblioteekberoep en wesentlike voordeel is geput uit hul beskouinge van die ontwikkelings in die beroep en van biblioteke van wêreldgehalte.

April 2009